
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**Desember 2021**



***Geseënde Christusfees en voorspoed vir die Nuwe Jaar 2022***





*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index

| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Kers- en Nuwejaarsboodskappe | 3 |
| Nasionale Presidents verslag - Chris de Bruin | 4 |
| My liefde en loopbaan met duiwe - Peet Botha | 6 |
| Noord- Vrystaat AJV - Attie van Aswegen | 6 |
| Norwich Kropper deel 4 - Ds Renier Lee | 8 |
| Noord-Vrystaat jaarprogram - Attie v Aswegen | 12 |
| Vestiging van nuwe kleure - Seppie Esterhuizen | 12 |
| Genetics 101 - Charl Cillie | 16 |
| Scoreboard and Rules | 22 |

**ILL members/ Siek lede**

**Will you please keep the following member/s that are ill in your prayers / Sal U asseblief die volgende lede wat siek is in julle gebede hou.**

Corrie Oosthuizen wat huidiglik baie siek is

## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| A057 - | Cyril Jasper | - 01-Jan |
| H019 - | Tom Ryke | - 01-Jan |
| A009* - | Phillip Lee | - 01-Jan |
| K012 - | Ryan vd Schyff | - 02-Jan |
| W074 - | Wian Muller | - 02-Jan |
| C042 - | Johan vd Sandt | - 03-Jan |
| J032 - | Charles Pawson | - 04-Jan |
| H043 - | André Grobbelaar | - 06-Jan |
| H017 - | Danté Pelser | - 09-Jan |
| J009 - | Renier v Schalkwyk | - 10-Jan |
| B100 - | David Botha | - 13-Jan |
| S010 - | Thinus Cocklin | - 14-Jan |
| C040 - | Naas Swart | - 14-Jan |
| K019 - | Jan Myberg | - 14-Jan |
| H079 - | Ashel Muza | - 18-Jan |
| K062 - | Mark Radley | - 18-Jan |
| W075 - | Nardus Marais | - 19-Jan |
| N015 - | Jocelyn Dent | - 20-Jan |
| W001 - | Routjie Roux | - 24-Jan |
| K057 - | Gerrit de Beer | - 25-Jan |
| D045 - | Awie Esterhuizen | - 26-Jan |
| W072 - | Danie Swart | - 29-Jan |



## Redakteur/ Editor

*Cora Munnik*

Die einde van die jaar 2021 het dan ook nou aangebreek. Weereens vinniger as wat enige een van ons ooit sou kon dink dit voel werklik of die tyd by ons verby vlieg met die spoed van lig. As jy weer een oggend opstaan is dit weer die volgende maand en so sal die Desember maand ook nie anders wees nie.

Die huidiglike Sierduif is die 131ste uitgawe vandat Christo Munnik die taak by wyle Kobus Snyman in Julie 2005 oorgeneem het. Amper gaan die boekies net so vinnig soos die tyd. Ek het nou nog nie gekyk hoeveel uitgawes ek nou al uitgegee het nie maar moet darem bysê dat Christo partymaal self die boekie doen as ek te besig is met ons kleindogter wat 24 uur van die dag aandag nodig het.

Daar was darem 'n tydperk wat ek en Christo maar moedeloos was omdat ons geen artikels kry van lede af nie. Gesmeek en soebat help ook maar min want ons was maar net geignoreer. Nou gaan dit darem beter vandat Christo die lede begin vra het om hulle lewensverhale in die duiwe wêreld op skrif te sit en in te stuur. Baie dankie aan die lede wat dit nou al gedoen het.

Kom ons probeer om die Sierduif weer lekker te maak om te lees vir die lede. Seppie Esterhuizen het in sy streek begin om sy lede elke maand opdrag te gee om iets in te stuur vir die boekie en dit werk lekker. Dankie ook aan die Fantal klub se Charl Cillie vir sy bydraes ek waardeer opreg.

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Kan julle glo, hier staan ons alweer aan die einde van nog `n jaar en dis weer Desembertyd, vakansietyd, Kerstyd ……….. 2021 het behoorlik in ‘n oogwink onder ons uitgehardloop.

Wat `n jaar was dit nie, met sy hoogte en laagte punte. Die SASV het weereens groot geeste verloor en ook familie van ons lede. Ons dink aan hulle wat hul eerste Kersfees sonder hulle geliefdes moet vier. Kom ons hou ons hand in die Here se hand en stap die pad wat vir ons uitgelê is. Wees dankbaar vir wat jy het en tot waar jy gevorder het in 2021.

Ongeag wat die jaar opgelewer het, wil ons elke persoon bedank vir sy/haar ondersteuning. Mense verskil en ons kan nooit almal tevrede stel nie. Tog was daar nogsteeds baie hoogtepunte waarvoor ons dankbaar is.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit die leisels vat en 2022 `n beter jaar maak. Mag die nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.

Hiermee wil Theresa en ek almal ‘n geseënde en rustige Kerstyd en voorspoedige 2022 toewens.

**Chris en Theresa de Bruin**

Na wat vir ons n uitmergelende jaar was wil ons in die Plakkerskamp net vir een en elkeen wat gebel gebid en gewens het vir ons vir voorspoed en beterskap sê baie dankie. Mag julle almal hierdie Kersgety ‘n wonderlike tyd saam met julle geliefdes aan die voete van ons VADER spandeer.

Mag julle geseën word met ‘n baie voorspoedige nuwe jaar en moet nooit vergeet waar dit vandaan kom nie

**Chris en Elsabe van der Walt**

Hopelik sal Elsabe teen kersdag al by die huis wees.!!!!!!!!!!

**Plakkerskamp groete**

Mag hierdie Kersfees’n besondere dag vir jou en jou familie wees. Mag julle Sy vrede en vreugde ervaar. Geniet die vakansieseisoen en bly veilig!!

**Noordkaap Sierduifvereniging**

Ons nuwe jaar wense 2022
Heer, bring asseblief U seën oor die mense
Laat U Wil die rede vir hul elkeen se bestaan wees
Gee vir ons innerlike vrede en laat ons besef U is Vreugde Laat ons met ‘n glimlag deur hierdie dag se dagtake werk
Heer, U liefde en wonderdade kan geen perk
Stuur U woorde om in ons mond te kom lê
Gee ons sagte woorde om vir mekaar te sê
Heer, raak U ons hande aan en maak dit sterk
Gee dat ons mekaar sal help en na mekaar uit te strek
Heer, smeer ons voete met U Heilige balsem en room
Gee dat ons vêr sal loop om U liefdesdade te verkondig
Heer, laat U liefdeslig ook in ons oë skyn
Gee dat ons mekaar se pyn sal sien en mekaar by sal staan
Heer, kom woon in ons hart en maak ons rustig
Gee dat ons met ‘n sagter hart na ander se probleme kyk
Heer, dankie dat U die pad saam met ons geloop het
Dankie dat ons die nuwe jaar mag sien kom.

Jesus Liefde

**Simon en Susann Jordaan**

Nog n jaar is verby wat soveel onsekerheid ingehou het vir baie van ons, maar hier staan ons steeds en ons weet VERSEKER dat ons Vader se wil sal geskied. Ons bid almal ‘n vreugdevolle, veilige Kersfees en voorspoedige 2022 toe saam julle geliefdes.

**Shaun & Karel-Jan Smeda**

Ja ons is inderdaad alweer aan die einde van 2021. Die covid pandemie het darem vir ons met die genade van die Here toegelaat om streekskoue aan te bied wat elke duiweboer terdeë geniet het. Terwyl ek die boodskap tik het ‘n nuwe vlaag covid ons weer getref. Sterkte word julle toegewens vir wat nou weer voorlê.

Ek, Cora en Harry wil langs hierdie weg vir al die lede en hulle geliefdes ‘n wonderlike Christus geboorte herdenking toewens en dan ook alle voorspoed en seënwense vir die jaar 2022 toewens.

**Groete die Munniks**

***Kersfees het in die hart van God ontstaan. Dit word alleen vervul as dit die hart van die mens ook bereik.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

Ons nuwe jaar wense vir julle 2022
Heer, bring asseblief U seën oor die mense
Laat U Wil die rede vir hul elkeen se bestaan wees
Gee vir ons innerlike vrede en laat ons besef U is Vreugde Laat ons met 'n glimlag deur hierdie dag se dagtake werk
Heer, U liefde en wonderdade kan geen perk
Stuur U woorde om in ons mond te kom lê
Gee ons sagte woorde om vir mekaar te sê
Heer, raak U ons hande aan en maak dit sterk
Gee dat ons mekaar sal help en na mekaar uit te strek
Heer, smeer ons voete met U Heilige balsem en room
Gee dat ons ver sal loop om U liefdesdade te verkondig
Heer, laat U liefdeslig ook in ons oë skyn
Gee dat ons mekaar se pyn sal sien en mekaar by sal staan
Heer, kom woon in ons hart en maak ons rustig
Gee dat ons met 'n sagter hart na ander se probleme kyk
Heer, dankie dat U die pad saam met ons geloop het
Dankie dat ons die nuwe jaar mag sien kom.
Jesus Liefde
**Simon en Susann**

---

To all my great and long lasting friends in the pigeon hobby.
Mag ek elke een van julle en julle families 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens.
Mag die seën van ons sê Hemels Vader julle beskerm en omvou in sy liefde.
Dankie vir julle eerbare vriendskap

**Rodney Stevens**

---

Die vreemdeling in die krip

Hy was in 'n krip aangehad,
Op 'n vreemde land gesalf.
Vreemdeling hy was vir sy kinfolks,
Vreemdelinge het hy in sy koninkryk ingebring.
In nederigheid het hy sy goddelikheid gelos om die mensdom te red.
Sy troon het neergedaal
Om dorings te dra en vir jou en ek te kruis.
'n Bedienaar van alles wat hy geword het.
Verlore en paupers
Hy het vorste en priesters gemaak.
Ek kan nooit ophou wonder nie
Hoe draai hy wandelaars in wonderers
En maak apostels afvalliges.
Hy is nog in die handel om iets mooi van enige lewe te maak;
'n Erekaart uit vuil klei!
Moet asseblief nie vervreem word nie,
Kom na die Potter, jou Skepper.

**Groete Simon en Susann**

---

Die einde alweer hier

So het nog 'n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiwe skoue deelgeneem het en soms met 'n glimlag en soms 'n "toemaar volgende keer is dit my beurt" uitdrukking op die gesigte weggestap. Van Wes-Transvaal se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag elkeen van julle met 'n goeie broeiseisoen die jaar uitstap en die nuwe instap reg vir die verveertyd wat kort daarna opgevolg word met die begin van die skou tyd.

Duiwegroetnis
Wes-Transvaal

Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2022

Vanaf die Esterhuizen gesin in Klerksdorp wens ons almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toe. Vir die wat op die paaiegaan wees versigtig ry en kom veilig terug. Kom ons vat hierdie nuwe jaar en gaan groot en voluit in alles wat aangepak word.

DuiweGroete
Awie, Daleen en Marleen

---

Die Jaar 2021 is in die laaste pylvlak.

Ons kyk terug na n Jaar vol van hartseer en teleurstellings maar ook van dankbaarheid en groot genade.

Koester hierdie Kerstyd saam met u familie en vriende. Moenie die geleentheid om Dankbaarheid en liefde te wys, verby laat gaan nie.

Namens Oostelike Streek wens ons u n besondere Geseende Kersfees toe.

Mag die nuwe jaar vir u Gesondheid, Voorspoed en Vrede inhou.

**At en Riana van Jaarsveld**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



***Nasionale Presidents Verslag: SASV: 2020/21***

***Chris de Bruin***

My vyfde jaar as Nasionale President is verstreke en daar was heelwat veranderings en aanpassings in die SASV gewees. Ons was ook nie die Covid-19 pandemie gespaar nie en 2020/21 is vir baie van ons `n tydperk wat ons so gou as moontlik sal wil vergeet. Die Covid-19 pandemie het veroorsaak dat ons noodgedwonge by die nuwe "normal" moes aanpas en leer om daarmee saam te leef.

Ons het gedurende die jaar ook verskeie lede, oud lede en familie van lede aan die dood afgestaan. Ons gebede was by almal en ons dink aan hul geliefdes wat agtergebly het. Daar is ook baie lede wat siek is en ons wens hulle `n spoedigeherstel toe.

Die 2021 Kampioenskapskou wat te Welkom vanaf 14 tot 17 Julie 2021 sou plaasvind moes afgestel word weens die beperkings van die Covid-19 regulasies en dit was een van die grootste besprekingspunte onder ons lede. Dit was ook een van die moeilikste besluite wat die Uitvoerende Komitee nog moes geneem het in die 21 jaar wat ek op die UK dien. Die lede word egter verseker dat die besluit nie ligtelik geneem was nie en dat alle tersaaklike inligting bekom was en alle moontlike opsies oorweeg en oordink was voor die besluit geneem was. Die besluit was in die beste belang van ons lede se gesondheid en ons stokperdjie geneem.

Ons ledetal aan die einde van Desember 2020 was 247wat meer was as 2019 se 215 lede. Dit is `n positiewe groei in ledetal vir die eerste keer in 8 jaar vanaf 2013. Dit is egter nog baie laag en die Uitvoerende Komitee is besig om na maniere en reklame te kyk om meer lede vir die SASV te kan werf. Huidiglik staan ons ledetal reeds op 200 vir die eerste nege (9) maande van die jaar. Die Streek wat % gewys die grootste groei getoon het is Oostelike Provinsie met 36% wat nege (9) lede verteenwoordig gevolg deur Suid-Westelike Distrikte met 33% wat twee (2) lede verteenwoordig. Die Vrystaat en Oostelike Streek het ook nie sleg gedoen nie met `n groei van 30% en 31% onderskeidelik. Ons moet die manne en vroue daar gelukwens met wat hulle reggekry het.

**Redakteur: Sien die uiteensetting aan die einde van die artikel**

Ons sê ook in besonderdankie aan Danie en Pearl Strydom met die "WhatsApp" groep en ander aksies wat hulle aan die gang het om lede vir die SASV te werf. Dit gaan nie ongesiens verby nie en ons kan die resultate van julle harde werk sien.

Werk aan die SASV se webblad vorder ook fluks en ek dink die lede kan trots wees op dit wat Marleen Esterhuizen die afgelope jaar vir ons daar gestel het. Daar is nog `n paar lede wat sukkel om op die webblad in te gaan, veral om die Skouskedule te gebruik en ons hoop dit sal binnekort uitgeklaar wees.

Waar daar in 2020 geen Streekskoue en SA Kampioenskapskou kon plaasvind nie kon ons darem weer Streekskoue in 2021 vir die lede aangebied het. Ek het vyf Streekskoue en een Jongduifskou, te wete Noord-Kaap -, Oostelike Streek -, Noord van die Vaal -, Vrystaat -, Wes-Transvaal Streekskou en Wes-Transvaal "Squiker" Jongduifskou bygewoon waar ek op vier as Hoof Beoordelaar opgetree het.

Oor die algemeen was ons skoue kleiner as vorige jare, deels oor die knypende ekonomie wat tot gevolg het dat lede minder duiwe aanhou en ook minder duiwe skou of minder skoue bywoon, asook die Covid-19 pandemie. Die uitbreek van siektes in sommige lede se hokke het hierdie teelseisoen ook baie vrektes tot gevolg gehad en het ook veroorsaak dat baie lede hierdie jaar minder of geen skoue bygewoon het nie.

In 2019 was 6 061 duiwe geskou, die SA's van daardie jaar in Pretoria ingesluit. In 2021 was daar 5 261 (Wes-Transvaal "Squiker" Jongduifskou ingesluit) duiwe geskou, die inskrywings vir die afgestelde SA's te Welkom uitgesluit. Ek dink onder die omstandighede waarin ons tans verkeer is dit nie te sleg nie, ook gesien in die lig van die feit dat daar geen Spesklubskoue hierdie jaar gehou was

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

nie.

Die top tien rasse gekou vir 2021 is as volg:
1) Sjinese Uile - 409
2) Mookees - 339
3) Modenas - 283
4) Birmingham Rollers - 236
5) American Show Racers - 195
6) Brunners - 170
7) Working Homers - 167
8) Norwich Croppers - 160
9) Indian Fantails - 146
10) Holle Croppers - 131
Geluk aan die lede wat met die top tien rasse teel en wat tot die prestasie bygedra het.

Uit die 166 rasse in ons Skouskedule en Standaardeboek was daar in 2021, 61 rasse waarin daar geen enkele duif vertoon was nie en gedurende die 2019 skouseisoen was dit ook 61 rasse wat glad nie geskou was nie. Daar is ooreenstemming tussen sommige van die rasse wat nie geskou was nie. Ek wonder in hoeveel van die ooreenstemmende rasse is daar nog duiwe in Suid Afrika beskikbaar? Die Beoordelaarsforum en Uitvoerende Komitee sal daaroor moet besin en ‘n besluit neem hieroor.

Goeie nuus vir ons lede is dat die ledegeld en ringgelde vir 2022 dieselfde gaan bly soos dit huidiglik is. Daar is ook `n UK besluit dat Streke 30% van ‘n nuwe lid se ledegeld terug sal ontvang. Die besluit was goedgekeur op die 2019 SA’s en dit is die tweede maal wat dit die jaar gedoen gaan word.

Dit is ook goedgekeur dat Dirk die lede wat kwalifiseer vir Nasionale Klere en verdere toekennings se omboorsels, sakwapens en balkies, soos van toepassing aan hulle sal stuur. Robin het reeds verlede jaar en die jaar se lidmaatskap knopies aan die Streekverteenwoordigers gestuur. Dit was gedoen omrede ons hierdie jaar weereens nie `n SA`s en prysuitdelingsfunksie kon hou nie.

Werk aan die 75 Jaar Gedenk Uitgawe is ook voltooi en moet ek sê dit is `n goeie boek om in `n duiwe liefhebber se versameling te kan hê. Lede wat belangstel in die boek kan dit by hul Streekverteenwoordigers bestel. Hier wil en vir Christo Munnik dankie sê vir die ure se werk wat hy ingesit het en navorsing wat hy gedoen het om die pragstuk van die SASV se geskiedenis, vanaf 1943 tot 2018 vir ons op skrif te stel.

Hierdie was ook weereens `n onstuimige jaar wat baie onderstrominge in die SASV blootgelê het. Ek wil `n ernstige beroep op ons lede doen dat ons meer verdraagsaam teenoor mekaar sal wees en net by die reëls sal hou. Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om op hoogte te wees van wat die SASV se reëls behels en wat toelaatbaar is.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit die leisels vat en 2022 `n beter jaar maak. Mag die nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.

Uit die pen van ….

Chris de Bruin
Nasionale President
24 November 2021

| **Streek** | **Des. 2018** | **Des. 2019** | **Des. 2020** | **Sep. 2021** | **Toename Afname** | **% Groei** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Oostelike Provinsie | 25 | 25 | 34 | 27 | + 9 | 36% |
| Kwa-Zulu Natal | 13 | 11 | 11 | 11 | 0 | 0 |
| Noord-Vrystaat | 34 | 33 | 37 | 32 | + 4 | 12% |
| Noord v/d Vaal | 42 | 41 | 40 | 44 | - 1 | - 2% |
| Wes-Transvaal | 18 | 17 | 19 | 10 | + 2 | 12% |
| Wes-Kaap | 32 | 30 | 34 | 25 | + 4 | 13% |
| Namibië | 4 | 5 | 3 | 0 | - 2 | - 40% |
| Noord-Kaap | 13 | 11 | 14 | 14 | + 3 | 27% |
| Suid-Westelike Distrikte | 9 | 6 | 8 | 6 | + 2 | 33% |
| Oostelike Streek | 25 | 23 | 30 | 16 | + 7 | 30% |
| Vrystaat | 19 | 13 | 17 | 15 | + 4 | 31% |
| Totaal | 234 | 215 | 247 | 200 | + 32 | 15% |

***Daar lê geweldig baie vreugde daarin om ander gelukkig te maak, te bemoedig en hoop te gee, ten spyte van ons eie situasie***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *My liefde en loopbaan met Sierduiwe*

***Peet Botha***

Ek deel graag met opgewondenheid my liefde, passie en versorging van Sierduiwe.

Vandat ek onthou, was daar altyd duiwe op ons werf. Soos ek ouer geword het, het my kennis verbreed en so ook die kwaliteit van my duiwe verbeter. Ongelukkig moes ek gedurende my weermag- en-studie jare afskaal met my geliefde stokperdjie.

In 1988, is ek en my huisgesin meer permanent gevestig en kon ek weer ernstig aangaan met die teel, skou en beoordeling.

Oor 'n tydperk van 30 jaar was ek bevoorreg om op verskillende rade te dien as president, vise-president, sekretarisenbeoordelaarsbeampte.

Ek het met trots meer as 50 beoordelaarssertifkateverwerf van verskillenderasse

In my jongerjare het ekgereeld 5 grootskoue per jaarbygewoonenbeoordeel. Laastejare het ekafgeskaalna 3 skoue per jaar.

Ek was ookbetrokke by invoer van Ysduiwe, Fantails, HolieKroppers, Polish Lynx enStrassers.

'n Uitstaande en trotse oomblik in my jare met Sierduiwe was toe ek in 2006 Nasionale klere in 3 kategorieë verwerf het. Vanaf 2006 was ek in vennootskap saam met Sandra, my vrou, onder die naam P&S Botha, dit het my groot vreugde en inspirasie verskaf. Ons het deurlopend met 8 rasse geteel en hulle kwaliteit bevorder.

Mei 2021 het ek weens gesondheidsredes die jaar afgesluit en my duiweboerdery afgeskaal, maar wil nog steeds skoue bywoon en duiwe beoordeel. Ek wil graag nog steeds my ervaring en kennis deel met almal wat my daarvoor nader.

Ek kyk terug oor meer as 30 jaar se goeie en mooi herinnering van duiwe vriende, wat ek ook my duiwe familie noem, ek sou dit nie wou mis nie.

Ek wens die SA Sierduifvereeniging baie sterkte toe, mag julle net van krag tot krag gaan.

Duiwegroete
Peet en Sandra



## *Algemene Jaarvergadering van Noord Vrystaat*

***Attie van Aswegen***

Noord-Vrystaat het op Saterdag 6 November 2021 ons Algemene Jaar Vergadering gehou.

Baie dankie aan elke lid wat daar was en ook aan Nardus en Charlene Marais vir die gebruik van hulle huis en vir hulle gasvryheid.

Dit was lekker om twee junior lede daar te hê met 'n junior wat moontlik ook later gaan aansluit. Die drie jongmense is Mari Wessels, PB Marais en Jaco Marais. Hulle is die SASV se toekoms.

Dankie Hendri dat jy as voorsitter opgetree het.

Die vergadering het goed afgelope en die besprekings is in 'n goeie gees afgehandel.

Ons het ook ons nuwe saal te Kroonstad op die AP Kerk se terrein bespreek. Al Noord-Vrystaat se skoue en duiwedae sal daar gehou word. Indien die saal te klein is vir 'n skou gaan die Kerksaal gebruik word.

Daar is ook verblyf naby die Duiwesaal op die terrein. Daar is 14 Kamers met 2 beddens teen R200.00 per kamer of R100.00 per persoon as twee mense 'n kamer deel. Beddegoed word nie voorsien nie. Eie beddegoed en handdoeke. (Verblyf is onder-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

heuwig aan prysveranderings). Die Ablusiegeriewe is ongelukkig 'n entjie van die kamers af.

Daar is ook braaigeriewe.

Die terrein  is ongeveer 2.5 km vanaf Panorama Plaza.

Noord-Vrystaat Sierduif Streek se Bestuur vir 2022.

**President:**
Matt Willemse - 0828073825.
**Vise-President:**
Piet Odendaal - 0828550089.
**Sekretaris:**
Attie van Aswegen - 0824118483.
**Beoordelaarsbeampte:**
Ds. Hennie Hattingh - 0829233910.
**Tesourier:**
Nardus Marais - 0832672822.
**Jeugverteenwoordiger:**
Attie van Aswegen - 0824118483.
**Skou-Bestuurder:**
Hendri Botha - 0825580158
**Hulp Skou-Bestuurder:**
Christo Nel - 0725453180.
**Skou-Sekretaris:**
Ds. Hennie Hattingh - 0829233910.
**Trofeemeester:**
Hendri Botha - 0825580158.
**Sosiale Koördineerder:**
Piet Odendaal - 0828550089.
**Addisionele Lede:**
Bertie Wessels - 0837334191.
Kobus van Niekerk - 0822691619.
Erika de Kok - 0828514191.

Na die vergadering het ons lekker gebraai en gekuier.









Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



***N O R W I C H KROPPER***

***Ds. Renier Lee 2020/21***

## Hoofstuk 4

Beoordeling is seker een van die balangrikste aspekte van enige skou dier en die vertoner. Die skoukomitee begin lank voor die skoudatum reeds beplan en werk aan 'n doelwit naamlik om 'n suksesvolle skou aan te bied waar elke vertoner gelukkig sal wees en waar elke vertoner sal uitsien na die volgende skou. By elke skou sien jy al die moeite wat gedoen is en is daar altyd die paar op die skoukomitee wat ure moes werk om hierdie skou vir almal so aangenaam moontlik te maak. Dit begin reeds met 'n wonderlike ontvangs met koffie en ietsie om te eet. Een Beoordelaar, wat 'n gas van die skoukomitee is, en soms nog 'n paar Rand ontvang, kan alles binne minute verongeluk en al die harde werk van die skoukomitee en hul doelwitte is daarmee heen. As beoordelaar onthou dus dat jy net 'n gas is en nie een of af ander wonderprins of wonder beoordelaar is nie.

Behalwe jou beoordeling, waarvoor jy ordentlik voorbereid moet wees, moet jy ook weet jy is deel van die skoukomitee se doelwit om elke vertoner tevrede te hou en te sorg dat die skou, waar jy 'n gas beoordelaar is, suksesvol sal wees. In die skouring meet die teler sy kampioene teenoor ander kampioene van ander telers en toets hy of sy vorige teelseisoen aan alle verwagtinge voldoen het. Nie net betaal die vertoner soms hoë inskrywingsgelde nie maar dit neem baie tyd en baie geld om al sy kampioene skougereed te kry. Dit is sy trots wat daar staan. Daarom is die regte beoordeling so belangrik. "Verkeerde" en negatiewe beoordeling het baie telers se drome verpletter en baie telers het al opgehou om met sierduiwe te teel. Dalk was dit nie altyd die beoordelaar se skuld nie en heel moontlik was die vertoner self die oorsaak, deur swak voorbereiding of duiwe in swak toestand.

Beoordeling bly egter 'n deel van ons stokperdjie wat ons nooit kan of mag verwaarloos nie. Die verantwoordelikheid rus dus swaar op die skouers van die beoordelaar en daarom kan ek dit nie duld as beoordelaars 'n swak voorbeeld stel nie. Jare gelede was elke beoordelaar netjies aangetrek met 'n das. Ek wil beoordelaars verwys na die eerste boek wat verskyn het oor beoordeling wat die moeite werd is om te lees. Dit was geskryf deur 'n wêreld bekende beoordelaar, Douglas McClary, wat by talle Olimpiades, veral vliegduiwe beoordeel het, maar ook sierduiwe wêreldwyd beoordeel het veral in Britanje en Noord Amerika. Die boek "Pigeon Showing" is in 1984 uitgegee en beklee 'n ere posisie in my versameling. In die boek wy hy twee hoofstukke aan beoordeling wat getuig van sy kennis van beoordelaars en beoordeling.

Die eerste hoofstuk begin met die Opmerking "Bad judging wil ruin a show both for organisers and exhibitors alike" Die derde paragraaf wil ek ook in sy geheel aanhaal "Over the years, I have also taken




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**
Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

the opportunity of studying hundreds of judges at work on their respective breeds and can only conclude that judging standards throughout the world are widely short of the professionalism which the showing of pigeons deserves. This applies more especially to the non-standard breeds, where results, as often as not, take on the form of a lottery".

Hy trek ook te velde teen senior beoordelaars. "Later in one's judging career, confidence builds and then the biggest danger of all present – nonchalance. The judge who feels that he knows it all and can easily deal and dispense with all that appears before him, is the worst of his kind for he is liable to sacrifice detail in a desire to appear knowledgeable and speedy, thus giving a poor return to both exhibitor and show organisers – and also the poor pigeons. The good judge, however, will appear unhurried, with one steady pace, dealing with everything in turn and in a set manner. He gives every entry a chance by applying time to it. He will be the person in constant demand at future shows".

Daarom is duiwedae so ontsettend belangrik en mag ons nooit ophou praat oor die interpretasie van ons standaarde nie. Laat ek net duidelik wees, ek pleit nie vir die herskryf van standaarde, of enige verandering van standaarde nie. Ongelukkig het daar in die verlede "nuwe" standaarde verskyn om by die duif aan te pas, wat ons besig was om te teel, instede dat ons die duif moes teel om by die standaard aan te pas. Gelukkig het die Norwich Kropper standaard nog altyd dieselfde gebly. Met 'n skok en groot teleurstelling moes ek later verneem dat daar 'n nuwe Afrikaanse standaarda anvaar is (1996) wat afgewyk het van die oorspronklike standaard. Ek het dadelik die saak opgeneem met Wynand Wessels, Steward Patterson en Kobus Snyman. Met die nuwe Boek van Standaarde (2014) is die oorspronklike standaard van die Norwich Kropper weer geplaas. Wel moes ek op versoek van die komitee van die Norwich Kropperklub op 'n stadium 'n artikel skryf sou ons wel ons standaard wou aanpas. Ongelukkig kry ek nie die betrokke artikel nie. Ek weet nie of die artikel later gebruik was om die standaard te verander nie. Al wat nou weer oorbly is om alle telers van Norwich Kroppers op dieselfde bladsy te kry rondom teling en beoordeling. In die proses sal ek altyd pleit vir positiewe beoordeling.

Die eerste belangrike punt wat ek wil beklemtoon is dat daar in die standaard geen sprake is van enige diskwalifikasie nie. Ek het wel in 'n standaard gelees van kleiner foute maar dit was nie in die oorspronklike, aanvaarde standaard nie. Baie Kroppers is al uit die loopring gegooi oor foute wat miskien by ander rasse 'n diskwalifikasie is veral wanneer dit by top pryse op 'n skou kom. Tweedens wil ek dit beklemtoon dat die duiwe wat voor jou as beoordelaar staan, ander telers se kampioene is. Gee dus aan elke duif 'n regverdige kans. Wees objektief sovêr dit vir jou moontlik is, bly positief in jou beoordeling en kommentaar en moet onder geen omstandighede toelaat dat enige vertoner jou beinvloed of self blyk dat jy beinvloed word nie. Die ander telers hou jou met arendsoë dop en jy kan dalk die oorsaak wees dat die persoon al sy duiwe gaan wegmaak.

Belangrik vir elke teler en beoordelaar is dat die duif in sy geheel beoordeel word. Jy kyk nie net na die krop of die bene of die merke nie. Dit is 'n volledige "pakket" wat voor jou staan en waarvan die tipe belangrik is. Die Nederlanders lê geweldig klem op tipe. Ek het reeds in die begin gesê dat die Norwich Kropper 'n baie moeilike ras is om mee te teel. Van die probleme met teling, het ons reeds aangeraak maar by beoordeling is daar ook meer eienskappe waaraan die Kropper moet voldoen wat dalk nie so belangrik is by ander rasse nie. Die Kropper moet blaas tydens beoordeling. Ook moet die duif homself vertoon deur sy aksie en sy "deelname" aan die beoordeling. Tesame met al die eienskappe in die Standaard van die Norwich Kropper, waarvoor die beoordelaar moet oplet, is die Kropper nie so eenvoudig om te beoordeel soos talle ander rasse nie. Die laaste klompie jare het beoordelaars toegelaat dat vertoners langs die loop hok kon staan en self hulle duiwe kon aanpor om te blaas. Dit was in die verlede nooit toegelaat nie. Ek het vir Warren Klopper, Alex Ravenscroft en baie keer vir Manie Fourie as helper opgetree en NOOIT was enige teler naby die loopring toegelaat nie. Gewoonlik het ons vertoners 'n paar meter verder op stoelegesit. In die boek "PigeonShowing" wat ek reeds aangehaal het skryf Douglas McClary op bl 97 dat in Britanje geen vertoner op sekere skoue toegelaat is om naby die beoordeling te kom nie. In Amerika was die vertoners wel toegelaat om die beoordeling te besigtig sonder om te praat en volgens Douglas McClary beveel hy die Amerikaanse wyse van openheid aan.

Ons moet ook onthou dat in die praktyk was die meeste Kropper beoordelaars ook beoordelaars van ander rasse en was hulle dus betrokke by die beoordeling van ander rasse. Dit sou dus baie onregverdig wees teen die telers/vertoners wat besig was iewers in die saal en sy duiwe nie kon aanpor

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

nie. Ek weet dat baie van ons Kroppertelers so besig was met ander beoordeling dat ons na die afhandeling van die Kropper beoordeling net kon gaan kyk hoe ons duiwe geplaas is. Dit was vir baie van ons ‘n groot frustrasie omdat jy nie geweet het hoekom jou duif ‘n sekere plek behaal het nie. Ek en Manie Fourie het toe begin, wanneer ons Kroppers beoordeel het, om na die beoordeling van elke klas die vertoners te roep en dan ons plasing verduidelik. Van die ander Kropper beoordelaars het later dieselfde sisteem gevolg. Dit was natuurlik nie vir almal moontlik om na die beoordeling van elke klas te kom luister nie en het ons na die beoordeling baie keer met mekaar gepraat. Die doel was om elke Kropper teler gelukkig te hou.

U sal nou vir my vra wat is my standpunt ten opsigte van sekere telers wat by die loophok staan en hul duiwe aanpor? My antwoord is ‘n duidelike “Nee”. Ek sal as beoordelaar self die duiwe aanpor want dadelik skakel ek ‘n klomp ongelukkigheid uit. Niemand kan my beskuldig van enige ongerymdhede nie en enige bevoordeling nie. By al die skoue in Duitsland en Nederland waar ek was en die beoordeling wat ek bygewoon het en waar ekself betrokke was, self by die telers se huise waar ek duiwe moes klas, het geen teler of eienaar bygestaan nie. Ek onthou op ‘n Kampioenskapskou het ek en Warren die beoordeling van die Kroppers bygewoon en toe die beoordelaar die vertoners uitnooi om self hul duiwe aan te spoor het ons vir mekaar gekyk. Baie gou was dit duidelik wie se duif behoort aan watter teler. Dit was nie baie lank toe ander vertoners by my en Warren kom kla het.

Die probleem was ook ‘n probleem by die Waaiersterte waar die beoordelaar kon sien wie hul duiwe se sterte gevleg het en dan word die duif voor die beoordelaar neergesit. Vra maar vir die waaierstertelers soos Frik Butler en Nico van der Westhuisen. Ek het aan Dawid Malan en Coen Butler jare gelede voorgestel dat die beoordelaar eers geroep moet word na al die duiwe in die loophok geplaas is. Toevallig was ek die beoordelaar by die volgende SA’s vir die Waaiersterte en het ek na elke klas myself verskoon en het of Dawid of Coen my kom roep as al die duiwe in die loophok was. Dit was dadelik opmerklik hoeveel minder kritiek daar was en hoeveel meer die wenduiwe aanvaar is. Ek dink die Waaiersterttelers hou steeds by die gebruik. Ek wil dit egter duidelik stel dat ek nie die Kropperbeoordelaar of die Waaierstertbeoordelaar of enige ander beoordelaar se integriteit bevraagteken nie. Ek het groot respek vir ons beoordelaars wat soms onder moeilike omstandighede, ‘n groot en ondankbare werk na die beste van hul vermoë doen.

Ek het al goeie beoordeling by ons skoue gesien. Ek pleit net vir absolute deursigtigheid sodat geen teler huistoe gaan en ongelukkig voel oor ENIGE aspek van die beoordeling nie. Kom ons praat met mekaar en nie van mekaar nie. Graag wil ek ook telers waarsku om nie goedsmoeds die plasing van beoordelaars as die alfa en omega te aanvaar nie. Jare gelede het ‘n sekere persoon tot 10 duiwe in ‘n klas ingeskryf en dan sy volgende teelseisoen uitgewerk volgens die beoordelaar se plasing. Die beste beoordelaar in die wereld ken nie jou duiwe soos jyself nie. Ook kon jou beste duif tydens beoordeling nie geblaas het nie of het jou beste duif homself dalk nie vertoon nie. Ander duiwe kon hom/haar dalk gepik het en so kan ons baie redes opnoem wat ‘n rol gespeel het tydens beoordeling. Douglas McClary skryf in “PigeonShowing” bl 95, dat hy tydens beoordeling by skoue baie geleer het by beoordelaars al was dit net hoe om nie tebeoordeel nie. Hy wys vertoners daarop dat die beoordelaar ook foute maak, veral as hy nog nie baie ondervinding opgedoen het nie. Hy waarsku vertoners om nie die beoordeling as die alfa en omega te aan vaar nie.

Manie Fourie het eenkeer dieselfde persoon, waarna ek vroeër verwys het, se duiwe beoordeel en toe onderneem om die volgende naweek hulle te besoek en te help met die koppeling van duiwe. Gelukkig was dit nie Kroppertelers nie. Dit was nie


# Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

lank nie of hy word daarop gewys dat hy die duif wat op die skou derde was nie gekoppel het nie maar wel ‘n duif wat geen plek behaal het nie. Dadelik is ‘n boek aan hom gewys met al die skouuitslae van die vorige week. Die wat Manie Fourie geken het sal nou presies weet hoe hy geglimlag het oor die boek en die vraag.

**Bylaag 5;**
Al die bylae oor die geskiedenis van die Norwich Kropper in ander lande wat volg is nie van die Internet afgehaal nie maar uit artikels tot my beskikking. Sou u egter meer wil lees op Internet is U baie welkom om dit van Internet te kry. Dit was nie my doel om U te vermoei met inligting wat uself kan opsoek nie. Die volgende handel oor die Norwich Kropper in Nederland en ek haalaan uit “Nederlandschen Bond van Vereeniging en van Sierduifen liefhebbers” (N.B.S.) geskryfdeur PH.M.Kok. Min duiweliefhebbers by Nederlandse skoue is verbaas omdat die Norwich Kropper geskou word onder Buitelandse duiwe. Alhoewel die Norwich Kropper van Hollandse oorsprong was, is die duiwe deur die arbeid van Engelse telers opgeteel tot die standaard wat vandag op ons skoue te sien is. Die naam waaronder die Norwich Kropper in Engeland bekend is dui daarop dat dit nie van Engelse oorsprong is nie aangesien die Engelse Blaasduiwe bekend staan as Pouters.

Die Norwich Kropper sowel as die Holle Kropper is oorspronklik dus van Nederlandse oorsprong. Soos reeds in ‘n vorige hoofstuk genoem is, was dit Hollanders en Vlaaminge wat as gevolg van geloof oortuigings gevlug het oor die Noordsee en hulle gevestig het in England en dan veral in Norwich waar hul die tekstiel industrie ontwikkel het. Hierdie vlugtelinge het hulle duiwe saamgeneem en so het die duiwe uit Holland in Norwich aangekom en is daar verder met hulle geteel. Vanselfsprekend was die duiwe van daardie tyd nie te vergelyk met die Norwich Kropper soos ons dit vandag ken. Die ballonkrop was baie kleiner en die bene was kort en sommige het selfs veerpote gehad. Vandag kry ons groot kroppe en lang bene sonder veerpote. Bygesê die kroppers van daardie tyd was veral gebruik op Sondagoggende in vliegwedstryde. In die ou stad Norwich het die Kroppers dus ‘n belangrike rol gespeel in die geskiedenis van die ras.

Reeds in die vorige eeu in Engeland is daar oorgegaan tot die stigting van Spesialiteitklub en jaarliks word nog steeds groot getalle op hul skoue gesien. Veral onder leiding van die “All England Norwich Cropper Club” is die Kropper tot een van die populêre duiwerasse in England gemaak en het die ras van die grootste pryse onder andere die “Golden Cup“ gewen. Hierdie Goue Beker was ‘n aantal jare gelede reeds gewaardeer vir meer as 100 Britse Pond. In Nederland is die Kropper minder bekend en gewild en is daar ook nie so baie telers as in Engeland nie. Die standaard verskil egter nie baie nie. By die bene tel die punte 17 teenoor ons 14 punte en by kleur is hulle punte minder as in ons standaard. Dit plaas die klem nog meer op tipe. Hulle verkies egter tussen sewe en tien wit vlerkpenne.

Op 21 Januarie 1940 word die “Nederlandsche Kropper Club” gestig onderleiding van Ph. M. KOK Jr.wat vandag nog steeds bestaan.

**Bylaag 6;**
Norwich Kroppers in New Zealand. John Witteman is ‘n Nederlander wat in die vroeë sewentigs geëmigreer het na New Zealand en Norwich Kroppers saamgeneem het. Hy erken dat hy in die vroeë jare nie goeie Kroppers in die land gesien het nie en met die Regering se verbod op invoere kon hulle ook nie ordentlike Kroppers invoer nie. Hy besef ook dat sy Kroppers nog baie kan verbeter. Later het hy met Waaiersterte ook begin teel en of hy steeds Kroppers teel is onbekend. Ook is daar nie baie inligting oor Norwich Kroppers in die land nie. Wel het ek op onlangse fotos van Norwich kroppers in New Zealand baie goeie kroppers in verskillende kleure gesien. Dieselfde geld vir Australië.


**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**



**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




## Noord-Vrystaat - Jaarprogram 2022:

Attie van Aswegen

**Sponsduif Spesialiteitsklubskou.**
15 Januarie 2022
**Ontbyt by Piet Odendaal**
12 Februarie 2022
**Jongduifskou: Kroonstad.**
2 April 2022
**Noord-Vrystaat Streekskou: Kroonstad.**
7 Mei 2022
**Lenteskou en Dwergieskou Gekombineerd: Piet Odendaal Kroonstad.**
3 Sept. 2022
**Brombeer skou. Saam met Noord - Vrystaat se AJV.**
5 Nov. 2022

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op 5 November 2022 te Kroonstad op die AP Kerk se terein in Noord-Vrystaat se Saal of in die Kerksaal. Die Vergadering begin om 08:30 en daar is ‘n Bring en Braai daarna by Noord-Vrystaat se Saal.



## *Vestiging van nuwe kleure in duifrasse*

***Seppie Esterhuysen***

Vestiging van nuwe kleure in enige diereras is by sommige telers ‘n doodsonde. Ander sien dit weer as ‘n geleentheid om sy kreatiwiteit ten toon te stel, al is sy kennis hoe min of hoe baie, hy gebruik dit!!! Dan is daar die middelgroep wat teel met dit wat beskikbaar is. Die genetika van kleurteling is baie interessant, hier moet jy kophou met al die terme soos dominant, geslagsgekoppeld, verdunning, intens en nog vele meer. As jy sukkel met al die terme, onthou dit is nie almal se belangstelling nie, kry iemand om gou te kontak en te vra!!!!!

Gaan blaai bietjie in die Boek van Standaarde ten opsigte van Sierduiwe en die Skouskedule en raak bewus van die kleurklasse van die verskillende rasse. Jy sal verstom staan om te sien by sommige rasse is die kleurklasse amper ‘n bladsy vol en by ander baie min. My vraag is, is die telers van die rasse tevrede met die min kleurklasse, of kom sommige rasse net in die 1 of 2 kleure voor of is daar net nie passie by die telers om ekstra kleure in te bring in die ras nie. Sommige kleure is baie ingewikkeld om oor te dra en neem tyd, jare, dan moet die tipe van die nuwe kleurduif ook verbeter word om dit mededingend met die bestaande kleurgroepe te maak. Ek verkies om met dominante gene/kleure te werk, die resultate is gouer, maar haal my hoed af vir die wat met ressesiewe gene/kleure werk en dan is die gene ook nie geslagsgekoppeld nie. Dan is daar gene wat ‘n negatiewe effek op die duif het indien dit in die homosigotiese vorm is, dink hier aan “barless” of die balklose-geen.

Ek was al by vliegduifskoue, vir my ‘n bietjie verveelig, sovêr jy kan sien net blougebalk of blougeruit, hier-en-daar ‘n paar asrooi en bruin duiwe, ‘n klompie eenkleurduiwe en dan verskillende variasies van grizzle en bont, MAAR die blou oorheers. Hier geld die rëel,” Kan jy vlieg dan bly jy, vreet jy







Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com



Januarie 2021


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

net dan gaan jy”!!!!. Vliegduiwe moet presteer in die lug, maak nie saak wat die kleur is nie. Daar is telers wat wel kleurteling doen en ek glo goeie duiwe teel.

Die voordeel by sierduiwe is dat die duif gemeet word aan sy tipe en kleur, so kom ons vestig nuwe kleure, maar kry hul skoutipe. Die geheim van so ‘n projek is om meer telers te kry wat kan help met die projek, hoe meer telers, hoe vinniger die resultate, meer telers raak lief vir die kleur, die gevolg is dat daar kan aansoek gedoen kan word vir die skep van ‘n nuwe kleur in die skouskedule, anders moet die duiwe heeltyd onder die EASK of EAK skou.

Daar is heelwat telers in ons land wat aktief besig is om nuwe kleure na rasse oor te dra of om bestaande kleur wat heeltemal verwaarloos is itv tipe en glad nie meer op skoue gesien word nie te laat herleef. Ek het ‘n paar persone gekontak en dit is die resultate.

**Bertus Pretorius:**

Bertus het baanbrekerswerk gedoen met die Gimpels. Op die Koper blouvlerk het hy Toy Stencil (Ts) oorgedra vanaf n Ts vliegduif. Die eerste paring is in 2010 gemaak. Hierdie skakering is beperk tot Europa, England en RSA. (enigste in RSA).



Op die Goue Swartvlerk het hy witkop en witplaat oorgedra vanaf die koper-skakering. Die eerste paring is in 2008 gemaak. Dit is baie skaars, orals, en baie moeilik om die regte merk te teel.




Uit die Koper swartvlerk is die Firebird geteel, pikswart. Die witkop is oorgedra vanaf koperduiwe na die firebirds. Hierdie is uniek en nêrens anders te vinde nie.



**Dawie van den Heever:**



**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner,**
**Working Homer, Oriental Roller,**
**Holle Cropper, American Showracer,**
**Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021




**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Dawie kom met Gros Mondains vandat ek hom ken!! In die land is die kleurvariasie in die grosse nie groot nie. Om die kleur by ander rasse te gaan haal en om die nuwe kleur gevestig te kry asook die tipe, vat tyd!!!. As jy asrooi verdunning naamlik creambar of geelgeruit wil teel is die pad lank. Hy het met 'n Strasser (dun) begin. Dit het tyd en sweet gevat, maar sy harde werk is beloon. Hy is ook besig om qualmond vanaf 'n Runt oor te dra na die Grosse. Hierdie kleur werk makliker want dit is geslaggekoppeld, die grosse moet net broei en kuikens produseer!!!!

**Wyle Danie Visser:**

Danie was baie lief om kleure na sy Vliegduiwe oor te dra. Daar was die mooiste opals, reduce, ress rooi milky, qualmonds, almond, op patroon en spread, en vele meer. Hy het ook die blou barless Modena weer laat herleef. 'n Moeilike kalant om te teel, daardie negatiewe effek van die barless-geen in sy homosigotiese vorm laat jou klippe kou, blinde of swaksiende kuikens. Gedurende die SA's in Worcester was die oorsese beoordelaar se kommentaar baie vleiend, die beste barless Modena wat hy nog gesien het. Hy het self 'n bruin barless geteel, pragtige duifie, maar stokblind!!



**Jannie Swanepoel:**

Jannie is besig met 'n groot kleurprojek by die Kings. In die proses (F3) om opal, grizzle en indigo (homo- en heterosigotiese vorm) oor te dra na sy Kings vanaf Modena's. Hy is ook besig by die Gros Mondains om verdunde asrooi (creambar en geel-














South African Blower Club
Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub
Established *** 1988 *** Gestig

We promote the following Blower Breeds
Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse

Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919
Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229

Julie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

geruit) asook ressessiewe geel uit duiwe afkomstig van Jan Wiid te teel. Hierdie duiwe sal defnitief hul merk maak op skoue.

**Diedie Esterhuysen:**

Diedie met swart en mottle Modena's kom al jare saam. As jy die swart mottle sien waarmee hy des-jare begin het, sou vandag se beginners regtig moedeloos gewees het, dalk die stokperdjie ver-laat het. Oor tyd het hy sy mottles verbeter met beter swart duiwe wat hy sporadies ingekry het. Ongelukkig is sommige mottles net te bont, dit is nie die ideaal nie. As 'n mottle sy eerste vere het moet daar net enkele wit veertjies om sy bek wees. Indien hierdie kuiken se eerste veredrag alreeds redelke klomp wit vere het, kan jy seker wees dit gaan 'n bonte wees. 'n Mooi gemerkte swart mot-tle moet 'n bont kop en bont vlerkskild hê, die res vd lyf moet swart wees asook swart stert en primêre vlerkvere. Uit 'n swart mannetjie afkomstig van Dawie vd Heever en 'n swart mottle wyfie van wyle Danie Visser het hy sy eerste lavender Mode-na's gebroei, Was dit toeval of wat!!!!!!. Lavender gazzi's, schietti's  en mottles het gevolg. Hulle is skaars en aan die tipe kan nog gewerk word. Ge-lukkig dra die meeste van sy swart schietti's die lavender-geen.





**Seppie Esterhuysen:**

Ek hou van nuwe kleure vestig in 'n ras, maar soos reeds genoem hou meer om vd dominante gene/ kleure oor te dra. My eerste opal Modena het via Danie Visser vanaf Koot Serfontein gekom, jare gelede. Daar was altyd een of twee opals in my hok, nooit werklik moeite met die kleur gedoen itv tipe nie totdat ek dit op mealie grizzle oorgedra het, daar het die gogga my gebyt. Tans het ek dit in asrooi  en in bruin. Pasop om nie 'n hele hok vol opals te hê nie!!!!. Van die opals is al versprei na 5 aktiewe Modena-telers. In die homosigotiese vorm vrek vd embrio's in die eier en van die jong duiwe. So, moenie opal met opal paar nie!!!! Die geen druk hom uit in verskeie grade nl van baie min tot amper volledige uitwas vd basiskleur. Natuurlik hoe meer uitgewas  dit wil sê hoe ligter die kleur hoe mooier is dit op die duif.



Ek het ook die  qualmond-geen na my Runts



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

oorgedra. Hierdie is 'n eeste in ons land. Van die kleurduiwe is al na 3 ander telers gestuur. Hierdie is ook 'n dominant, geslagsgekoppelde geen en dra baie maklik oor. Hierdie geen is by vliegduiwe gaan haal. Die vliegduiwe het gehelp om netjieser runts te teel.

Ek hoop dat meer telers wat met kleurteling besig is die kleure vir ons sal wys en so ander motiveer om deel te wees en sodoende meewerk om die tipe op standaard te kry. Wat 'n lekker projek en spanpoging om van deel te wees!!!



***Genetics 101***
***3. Dilution series***
***Normal(D^+)***
***Pale(d^p)***
***Dilute(d)***
***Extreme Dilute(d^ex)***

***Charl Cillie***

The dilution series is sex-linked, so it works the same as the base colour. Normal is 0% reduction in colour. Pale is a 25% reduction in colour but is not easily recognised in blue and brown. Dilute is a 50% reduction in colour. Extreme dilute is a 75% reduction in colour, it is a little difficult to distinguish between the different colour extreme dilutes.

Pale x Ash red = Orange, Pale x Blue = Pale Blue, Pale x Black = Dark Dun, Pale x Brown = Drab, Pale x Res red = Gold, Dilute x Ash red = Cream, Dilute x Blue = Silver, Dilute x Black = Dun, Dilute x Brown = Khaki, Dilute x Res red = Yellow, Extreme Dilute x Ash red = Beige, Extreme Dilute x Blue = Lemon, Extreme Dilute x Black = Butterscotch, Extreme Dilute x Brown = Tan, Extreme Dilute x Res red = Ivory

## Dilution series

| **Male** | **Female** | **Male chick** | **Female chick** |
|---|---|---|---|
| Normal | Normal | 100% Normal | 100% Normal |
| Normal | Pale | 100% Normal d. Pale | 100% Normal |
| Normal | Dilute | 100% Normal d. Dilute | 100% Normal |
| Normal | Extreme Dilute | 100% Normal d. ex Dilute | 100% Normal |
| Pale | Normal | 100% Normal d.Pale | 100% Pale |
| Pale | Pale | 100% Pale | 100% Pale |
| Pale | Dilute | 100% Pale d. Dilute | 100% Pale |
| Pale | Extreme Dilute | 100% Pale d. ex Dilute | 100% Pale |
| Dilute | Normal | 100% Normal d. Dilute | 100% Dilute |
| Dilute | Pale | 100%Pale d. Dilute | 100% Dilute |
| Dilute | Dilute | 100% Dilute | 100% Dilute |
| Dilute | Extreme Dilute | 100% Dilute d. ex Dilute | 100% Dilute |
| Extreme Dilute | Normal | 100% Normal d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Extreme Dilute | Pale | 100% Pale d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| Extreme Dilute | Dilute | 100% Dilute d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Extreme Dilute | Extreme Dilute | 100% Extreme Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Normal d. Pale | Normal | 50% Normal<br>50% Normal d. Pale | 50% Normal<br>50% Pale |
| Normal d. Pale | Pale | 50% Normal d. Pale<br>50% Normal | 50% Pale<br>50% Pale |
| Normal d. Pale | Dilute | 50% Normal d. Dilute<br>50% Normal | 50% Pale d. Dilute<br>50% Pale |
| Normal d. Pale | Extreme Dilute | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Normal | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Pale |
| Normal d. Dilute | Normal | 50% Normal<br>50% Normal | 50% Normal d. Dilute<br>50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Pale | 50% Normal d. Pale<br>50% Normal | 50% Pale d. Dilute<br>50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Dilute | 50% Normal d. Dilute<br>50% Normal | 50% Dilute<br>50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Extreme Dilute | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Normal | 50% Dilute d. ex Dilute<br>50% Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Normal | 50% Normal<br>50% Normal | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Pale | 50% Normal d. Pale<br>50% Normal | 50% Pale d. Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Dilute | 50% Normal d. Dilute<br>50% Normal | 50% Dilute d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Extreme Dilute | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Normal | 50% Extreme Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Pale d.Dilute | Normal | 50% Normal d. Pale<br>50% Pale | 50% Normal d. Dilute<br>50% Dilute |
| Pale d. Dilute | Pale | 50% Pale<br>50% Pale | 50% Pale d. Dilute<br>50% Dilute |
| Pale d. Dilute | Dilute | 50% Pale d. Dilute<br>50% Pale | 50% Dilute<br>50% Dilute |
| Pale d. Dilute | Extreme Dilute | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Pale | 50% Dilute d. ex Dilute<br>50% Dilute |
| Pale d. ex Dilute | Normal | 50% Normal d. Pale<br>50% Pale | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pale d. ex Dilute | Pale | 50% Pale<br>50% Pale | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Pale d. ex Dilute | Dilute | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Pale | 50% Pale d. Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Pale d. ex Dilute | Extreme Dilute | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Pale | 50% Extreme Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Normal | 50% Normal d. Dilute<br>50% Dilute | 50% Normal d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Pale | 50% Pale d. Dilute<br>50% Dilute | 50% Pale d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Dilute | 50% Dilute<br>50% Dilute | 50% Dilute d. ex Dilute<br>50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Extreme Dilute | 50% Dilute d. ex Dilute<br>50% Dilute | 50% Extreme Dilute<br>50% Extreme Dilute |



## A NEW PIGEON BOOK In July 2021, by Jan Luchtmeijer

**Submitted by Jan Lombard**

In July 2021, a new book by Jan Luchtmeijer was published. The new work pays attention to pigeons as a subject or minor character in art and especially in Western painting from the 3rd to the 21st century. Interested in the cultural background of the pigeon, he went in search of a book describing the role of the pigeon in art. Such a book turned out not to exist. Books have been written that deal with the horse, dog or cat in art, but the pigeon, the animal that is undoubtedly the most frequent in Western art, has inexplicably not been discussed.

There is already the book ‘De Duif, with art and flight through time and space’, in which many works of art are included with the pigeon as subject. That book describes the cultural background of the pigeon, but goes less deeply into the function of the pigeon in painting. That there was no special book on the role of the pigeon in art is very surprising, because pigeons have long played an important role in the lives of many people and still do. Former world boxing champion Mike Tyson even said, “The first thing I ever loved was a pigeon. I don’t know why… I think it’s weird to explain. Pigeons are part of my life”. Several artists were also involved in the breeding of pigeons. Picasso, Matisse, Severini and Dali had pigeons. The poet Hans Warren from Zeeland was an avid breeder of finch pigeons. The composer Antonin Dvorák kept several breeds of pigeons that he greatly missed and worried about during his stay in America. He constantly inquired about their well-being in his correspondence with his housekeeper at home in Vysoká in the Czech Republic. He sent lists with instructions to give his pigeons the best possible care.

Once or twice a week in New York, he visited a small zoo in Central Park that kept about 200 pigeons. Dvorák even composed a symphonic poem for orchestra about pigeons: ‘The wild pigeon’. The writer believes that it is worth capturing the role of the pigeon in art. During his work on this book, it turned out that there were so many works of art with the pigeon as subject or secondary character that it had to suffice to only describe the place of the pigeon in Western painting. This alone took him more than 10 years to research and record. Western painting includes the painting of Western Europe.

This art also includes those art forms that are widespread in other parts of the world and that have their roots in Western Europe. Western culture and therefore also Western art began with the rise of Christianity in the first century of our era. Before this, there was already a culture in Europe in which

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

beautiful works of art were made that depict a pigeon. Especially the works of art from the classical era, the Greek and Roman times, show a high level of artistic knowledge and skill. It is possible that the pigeon was even depicted very early on in a cave painting from the Late Paleolithic (circa 40,000-8000 BC).

'The pigeon in western painting' provides an overview of the pigeon through the ages as a subject or secondary figure in painting. A collection of beautiful examples is not enough, the paintings with pigeons as subject are placed in their zeitgeist. The first part describes how the pigeon was a model in painting and why it was painted. The way the pigeon was depicted can tell us something about the painter and about the time in which the image was created. After a short overview of the anatomy of the pigeon, chapters follow on the role of the pigeon in Christian, mythological and secular art.

The part ends with the description of the way in which the painter depicted the flight of the dove. In the second part, the reader is taken through the different art periods, from early Christian art to postmodernism. In this way the reader can get an impression of how the various artists depicted the pigeon in their works. In the first 15 centuries, almost exclusively religious paintings with a pigeon were made. The dove was mainly used here as a symbol. It is striking that even if the dove was an important figure in the depicted event, it was sometimes depicted very simply. Even as a symbol of the Holy Spirit, it was often painted with just a few simple brushstrokes. Only in the 16th century were more secular works painted with the dove and the dove is gradually stripped of its religious character. It is then less used as a symbol. In modern times, in a few cases the pigeon was depicted in abstraction.

The composition of this work was not aimed at completeness, but at a global overview in which the pigeon is followed through time on its journey through Western painting. The Dove in Western Painting is the first and only book to deal with this subject. A publisher wonders whether there will be enough interest in such a publication. A question of uncertainty. This was the reason for the writer to have the work printed personally so as not to lose the large amount of collected data. The collection of the data, the text, the layout, the image correction and the final edition were completely taken care of by himself.

The book is printed in letter format and contains 580 pages with 1200 images, almost all in color.
The price of the book is € 90.00 (excluding € 7.50 shipping costs for the Netherlands). The work is not for sale in regular bookshops, but can be ordered from: Publisher 'Meijerij de Witte Raaf' via the website www.meijerijdewitteraaf.nl.

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R250 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 2300 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1684 |
| 2. | Northern Cape: | 1550 |
| 3. | KwaZulu-Natal: | 700 |
| 4. | Western Transvaal: | 696 |
| 5. | SW Districts: | 631 |
| 6. | Eastern Region: | 600 |
| 7. | Eastern Province: | 600 |
| 8. | Freestate | 50 |
| 9. | Western Cape: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**